



KAMMANUUS

Nommer 340

5 November 2012

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER



Onrus op Onrus

Laas week, ná ons besoek aan die Richmond Boekbedonnerde fees, reël ek toe mos dat twee oud skoolmaatjies, Barry en Danie, saam met Roselle en Antoinette kom dak natmaak by ons nuwe nessie in Onrus.

Dit als die aand voor ons terugvlieg Doha toe. Mens moes eintlik al daai tyd begin onrustig raak het. Maar ek bly rustig, merk geen onraad nie. Weet mos nie Murphy het ook ingetrek nie. Die aand voor die braai hou ons nogal ewe 'n proeflopie met so 'n paar bestelde kanopies en vonkelwyn. Maak toe ook sommer 'n hele paar bottels uit die Wine Village seer saam met Leon Dekker, 'n persoonlike afrigter dwergie van so dig by die 7 voet hoog. Moes toe al geweet het die skrif is aan die muur.

My twee maats maak mos volgens hulle, beter kos as hul kameraatjies, en koning delegeerder wat ek is, hoef ek die aand net wyne oop te maak. Ons skop toe af met 'n magnum 2004 Roodeberg wat ek van Rita van Lill ontvang het daar uit die rooibosteewêreld. Gou gloei die houtskool uit Duitswes, vloei die rooi voggies en begin wikkeldie tonge.

Barry vertel hoe hy nou die dag by 'n rugbywedstryd waar sy seun moes blaas, weer eens 'n juweeltjie van ons Kaapse mense se taalgebruik opgetel het. Dis by so 'n informele kroeg langs die veld waar daar 'n nuweling opgedaag het wat 'n drankie wou bestel.

"Nou ma watsie Lanie se naam?" vra die kroegman.

"Die Lanie se naam is Elroy," antwoord Elroy half skaam in die derde persoon en met die uitspraak van Elroy so dat jy baie duidelik die kappie op die 'E' kan hoor. "Wat sallit wies?" vra die kroegman. "Whiskey," antwoord Elroy.

"Nei man, djys uit my rakke uit," kom die Kaapse wysheid. Hy het nie die tipe drank wat die man soek nie.

En net so oulik ons die gesegde gevind het, net so die hel in was ons weer vir daai nasie Saterdag.

Staan toe mos effe swaar en laat op en die mannetjie met die hamer is redelik aktief hier agter in die skedel. Maar ons het die pille en ons het die tyd, of altemit dink ons so, en vertrek toe eers so kort voor vier uur uit Onrus uit om ons vlug te gaan haal wat seweur vertrek. Ons sny dit fyn. Bietjie te fyn.

Net buite Onrus keer twee vrouens in blou die verkeer voor. Ons wag ons beurt in die ry en toe ons voor aankom, word ons vertel daar word klip gegooi by Hawston en al manier wat ons nou in die Kaap gaan uitkom is omdraai en Caledon om. Ons vlieg daar weg en tot nog verdere konsternasie moet ons uitvind die pad by Hemel-en-Aarde word opgeknop en bevat nou 'n ekstra 22 km grond ompad.

Ons kruip teen 'n slakkepas van tot so min soos 40 km/h in die stofwolke agter die konvooi karre aan, en Kameraatjie merk later op ek moet oppas, ek sal nog my horlosie opkyk. Toe ons daai teerpad by Caledon om tien oor vyf slaan, vleg ek soos 'n besetene deur die laatmiddag verkeer en looi die huurkarretjie soms teen 160 km/h daar teen Houwhoekpas uit.

Terwyl ek Schumacher speel, bel Annabelle die grondpersoneel van Katar se lugdiens. Ons oortuig hulle ons is rêrig oppad en die meisie neem solank ons paspoort besonderhede af en vra sommer ons moet skat hoeveel ons tasse weeg. Ons sleep bruin van die stof kwart oor ses daar in terwyl die mense al begin het om aan boord te gaan. Net-net betyds.

Nee kyk, hierdie Lanie is tans nie baie beïndruk met die klipgooiers van Hawston nie. Ek sal maklik 'n paar van my eie klippe op hulle rakke wil pak.

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

SKERP ANTWOORDE




**Mozart
en 'n
bewonderaar**

Bewonderaar: "Herr Mozart, ek dink daaraan om simfonieë te skryf. Hoe begin 'n mens?"

Mozart: "'n Simfonie is 'n baie komplekse musikale vorm. Miskien moet jy met eenvoudige lieder begin, en jou pad opwerk."

Bewonderaar: "Maar jy het simfonieë geskryf toe jy agt jaar oud was."

Mozart: "Ja, maar ek het niemand gevra hoe nie."



**Dr. Edward Hale
oor die
VSA se senaat**

Dr. Edward Everett Hale is gevra of hy ooit vir die Amerikaanse senaat bid.

"Nee, ek kyk na die senators, en dan bid ek vir die land."

Aanhalings van glanspersone

• "Ek wou nooit Japan toe gaan nie, om die eenvoudige rede dat ek nie vis eet nie. En ek weet dit is baie gewild in Afrika.

~ **Britney Spears**

"Ek dink gay huwelike is iets wat tussen 'n man en 'n vrou moet gebeur."

~ **Arnold Schwarzenegger**

"Wanneer ek TV kyk en ek sien al daar sterwende kinders reg oor die wêreld dan huil ek. Ek meen, ek sal self daarvan hou om maer te wees, maar nie met al daai vlieë en dood en goed nie

~ **Maria Carey**

"So, waar word die Cannes rolprentfees vanjaar gehou?"

~ **Christina Aguilera.**

Ek is dalk dom, maar ek is nie onnosel nie.

~ **Terry Bradshaw**

Darwin-pryse [8]

'n Man van Arkansas wou bitter graag bier hê. Hy besluit toe om 'n betonblok deur 'n drankwinkel se venster te gooi, bier te steel en die hasepad te kies.

Hy het die stuk beton bokant sy kop opgetel en dit deur die venster gegooi.

Die blok het teruggewip en hom teen die kop getref, waarna hy 'n ruk lank bewusteloos was.

Die venster was van Plexiglas.

Vier fundamentele waarhede oor geloof

1. Moslems erken nie Jode as God se uitverkore nasie nie.


2. Jode erken nie Jesus as die Messias nie.

3. Protestante erken nie die Pous as die Christendom se leier nie.

4. NG Kerk-lede herken mekaar nie in Teazers nie.

EVOLUSIE [6]

XNT.COM



DIE EVOLUSIE VAN GESAG

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

JULIUS EN DIE GOEIE FEE

Die goeie feetjie loop Julius Malema in die straat raak, tik hom met stokkie op die kop en sê: "Nou het jy vlerke." Julius kyk, en sowaar, hy het vlerke! "Is ek nou 'n engel?" vra Julius. Feetjie: "Nou gaan jy darem 'n bietjie te ver. Jy is 'n nou 'n brommer."



GHOLFSTORIE

Die naelloop-blits Usain Bolt kom by die Wentworth-gholfklub in Amerika en wil speel.

Opsigter: "Jammer, meneer, maar ons laat nie swart mense hier toe nie. Daar is nog 'n klub so tien minute af in die straat, jy kan daar probeer."

Bolt: "Maar ek is Usain Bolt!"

Opsigter: "Oukei dan, jou slim aap. Daar is nog 'n klub DRIE minute af in die straat. Kry nou jou gat in rat!"

NIE SO NIE!

Die man sit langs 'n blondine op die vliegtuig.

"Kan ek 'n bietjie met jou gesels?" vra hy.

"Waaroor?" vra sy.

"Wat van . . . kernkrag?" sê hy.

Blondine: "Sê jy my eers: Hoekom is 'n bokdrol rond en hard en beesmis is plat en slap, maar altwee diere vreet gras?"

"Nee, ek weet nie" sê hy.

"PRESIES!" sê sy. "Jy kan nie eers oor stront praat nie, maar nou wil jy met my oor kernkrag praat!"

KROEGSTORIE

Koos loop by die kroeg in, en sê vir die kroegman:

"Bertus, skink daar vir my 'n stywe dop. Ek het weer 'n rusie met die klein vroultjie gehad."

Bertus: "En hoe het hierdie een afgeloop?"

"Wel, toe alles verby is, het sy op haar hande en voete na my toe gekruip."

Bertus: "Dis 'n nuwe een! En wat het sy gesê?"

"Kom onder die bed uit, jou lafaard!"

SOEWENIERS

Ontstel dit Sjinese toeriste wat 'n Amerikaanse soewenier koop, en dan ontdek dis in Sjina gemaak?

KORREKSIE

Gisteraand reik ek vir my vloeibare Viagra en vat per ongeluk 'n slukkie van die Tippex-botteltjie. Vanoggend word ek wakker met 'n groot korreksie



Die 4x100 tenderbedrog-aflos



BUDJIE

My budjie breek toe mos sy been en ek spalk dit met 'n paar vuurhoutjies. Sy gesiggie het sommer dadelik opgehelder toe toe hy probeer loop, want ek het vergeet om die skuurpapier onder in sy hok uit te haal.



Die Smitte het nie kinders gehad nie en al hul pogings was vrugteloos. Die paartjie het, ná lang oorweging, besluit om 'n "surrogaatvader" te gebruik om hul gesinnetjie te begin.

Op die dag wat die instaanvader moes kom kuier, het mnr. Smit sy vrou totsiens gesoen en sê: "Wel, ek kan nie hierdie gedoente aanskou of selfs aanhoor nie, ek gaan nou liever werk toe. Die man behoort binnekort hier te wees."

'n Halfuur later, en bloot per toeval, lui die voordeurklokkie. Dit is toe egter 'n deur-tot-deur babafotograaf, met die hoop om 'n fotosessie aan die huisbewoners te verkoop.

"Goeie môre, Mevrouw," het hy gesê, "Ek het gekom om ..."

"O nee, jy het nie nodig om te verduidelik nie," het mev. Smit, diep verleë, gemompel, "Ek het jou verwag."

"Het jy regtig?" sê die fotograaf. "Wel, dit is goed. Het jy geweet babas is my spesialiteit?"

"Wel, dit is wat ek en my man gehoop het. Kom asseblief binne en sit gerus."

Na 'n rukkie het sy, blosend, gevra: "Wel, waar begin ons?"

"Laat alles aan my oor. Ek probeer gewoonlik om twee sessies in die bad, een op die bank, en miskien 'n paar op die bed in te kry. Soms is die woonkamervloer ook pret. Jy kan regtig uitsprei en speelgoedjies bysit."

"Bad, woonkamer, vloer? Geen wonder dit het nie vir ons gewerk nie!" dink mev. Smit.

"Wel, Mevrouw, ongelukkig kan ek nie waarborg dat elke skoot 'n goeie een is nie en daarom probeer ons maar 'n paar verskillende posisies en uit ses of sewe hoeke, dan is ek seker jy sal met van die resultate tevrede kan wees."

"My goeiste, maar dis baie!" snak mev. Smit na haar hygende asem.

"Mevrou, in my werk moet 'n man sy tyd te neem. Ek glo nie daaraan om in en uit in vyf minute te wees nie; ek is seker daarvan dat u nie teleurgesteld sal wees nie."

"Ek weet darem nie," sê sy rustig.

Die fotograaf trek toe sy aktetas nader en haal 'n portefeulje van babafoto's uit. "Dit is gedoen op die boonste vloer van 'n bus," sê hy.

"My genade!" roep mev. Smit uit, en gryp na haar keel.

"En hierdie tweeling het besonder goed uitgedraai – veral as jy hul moeder sou ken. Sy was baie baie moeilik om mee te werk."

"Sy was moeilik?" vra mev. Smit.

"Ja, sy was so bang dat ek haar uiteindelik na die parkie moes neem om die werk gedoen te kry. Mense daar het ons omtrent verdring en rondom ons tot vier en vyf diep gestaan om 'n goeie blik te kry."

"Vier en vyf diep?" sê mev. Smit, haar oë wyd met verwondering.

"Ja," antwoord die fotograaf, "en vir meer as drie uur, ook. Die moeder het aanhoudend gegil en geskree - ek kon skaars konsentreer, en toe dit later begin skemer raak, moes ek my skote aanjaag. Die ergste was toe die eekhorings aan my toerusting begin knibbel het, daar het ek die streep getrek en alles opgepak."

Mev. Smit leun vorentoe en prewel droëmond: "Jy bedoel hulle het aan jou toerusting gekou?"

"Dit is waar, Mevrouw, ja dis waar."

"Wel, as u tevrede is, sal ek solank my driepoot opstel en dan kan ons aan die werk spring."

"Driepoot?"

"O ja Mevrouw. Ek het dit nodig om my Canon op te laat rus. Dit is veels te groot om baie lank in een hand vas te hou."

Mev. Smit het summier flou agteroor geval.

(Ingestuurd deur Jan Ellis)



MAKERIEPAS!

Stories uit die grensoorlog

Tentpenne pootjie 'n loopmaag

Deur Skutter Lombaard

Na my kamp gaan ek weer aan met die werk. Eendag, so rustig by die huis, kom daar 'n amptelike brief by my aan. Net so voor Kersfees. Ek is opgeroep vir 'n drie maande kamp.

Daar was in daardie stadium ook baie gerugte oor ons soldate wat in Angola was. Dit het nou juis nie 'n genie geneem om uit te werk waarheen ons op pad is nie.

Net ná nuwejaar kom ons by die regiment bymekaar.

Die weermag het gedink hulle trakteeer ons deur vir ons 'n eerste klas trein te bestel. Ons word ses per kompartement ingedeel. Toe ons in die kompartemente ingaan, sien ons daar is slegs vier slaapbanke in plaas van ses.

So is ons toe soos sardientjies Bloemfontein toe. Daar het ons 'n paar dae oorgelê. Ons is toegegooi onder die breinspoeling en ons is medies ondersoek.

Weg van Bloem af, weer met 'n trein, na die wilde vreemde van die GRENS.

Die aand baie laat word ek wakker en hoor net hoe baklei iemand. Die een ou het in die nag opgestaan en na die wasbak se kant gedraai pleks om na die deur se kant te draai en dan met die gang af toilet toe te loop.

Bo die wasbak het daar 'n lekker groot spieël gehang. So deur die slaap sien die man iemand voor hom staan. As hy links beweeg, beweeg die man ook links. As hy regs beweeg, beweeg die man ook regs. Die man wil hom net nie laat verbygaan nie.

Hy vloek die ou en toe hy die man wil gryp, wys ons hom op sy fout. Daar was baie lank gespot met die ou wat so met homself staan en baklei het.

Ons is iewers in 'n veld afgelaai. Ver van alles en almal af. Die tente is teenmekaar en daar is nie juis plek om te beweeg nie. Maar ons trek daar in.

Dit was net tentpenne en ankerdrade waar jy kyk. In die dag was dit al klaar moeilik om deur die tente te loop van en na die plekke waar ons moes wees. Baie van ons het so geval en geloop om te kom waar ons was.

Om dinge erger te maak, kry mens mos maklik in die eerste paar dae baie *jippo guts* (loopmaag). Die een aand, baie laat, slaap ons en ewe skielik word ons wakker van 'n gerumoer.

Iemand, en tot vandag weet ek nie wie dit was nie, se maag wou gaan, en die man probeer tussen al die penne en drade hardloop om by die toilette te kom. Ongelukkig vir hom het sy voet aan 'n tentpen vasgehaak.

Die arme man slaan al swetsende neer soos 'n dooie os. Toe hy die grond slaan, kom dit hard en duidelik: "Aag hel, daar sk- t ek nou in my broek".

Toe hy val, kon hy nie meer knyp nie. Ons het net gehoor hy staan en was sy klere so in die laatnag. Ons het ure daarna nog gelag daaroor. Meestal uit verligting omdat die storie ons nie getref het nie.

KOOS EN DIE TOWERGEES

Koos loop langs die strand en tel 'n lampie op.

Hy vryf dit, en 'n towergees verskyn.

"Hallo," sê hy, "ek is 'n towergees. Omdat jy my na al die jare uit die lamp bevry het, kan jy enige drie dinge vra."

"Wie? Ek? Vra Koos verstom.

"Ja," sê die towergees. "En wat is jou derde vraag?"

'n Liberaal is iemand wat voel hy skuld sy medemens iets, en dan probeer hy om dit met jou geld te betaal.

-- G. Gordon Liddy

Met 'n ossewa by die inry

Deur 'n oudradioman

Iewers in die vroeg-60's het 'n groep verpleegsters van die JG Strydom-hospitaal as deel van 'n fondsinsame-lingsprojek met 'n perdewa na die Sterlig Inry op Ontdekkersweg gery.

Ek en 'n fotograaf het die spektakel deur Westdene, Newlands, Delarey en Ontdekkerspark tot by die bestemming gevolg.

Die siele by die kaartjieskantoor was aanvanklik huiwerig om die perdewa en 12 mooi dames toe te laat, maar hul humorsin het later ingeskop.

Die wa is geparkeer, die perde uitgespan en gekniehalter op 'n strook gras laat wei. Luidspreekers is oral aan die wa vasgehaak, maar die stroom nuuskierige besoekers het min tyd vir fliék-kyk gelaat.

Die fotograaf het maande later een of ander toekenning gekry vir sy foto's, wat die voorblad van *Die Transvaler* gehaal het.

Die opnames wat ek van gesprekke met die verpleegsters en verbaasde fliék-gangers gemaak het, is laasnag geredigeer en die volgende oggend op Flink uit die Vere uitgesaai.

Elf lewenslesse van Noag se Ark

Baie wat mens van die lewe moet weet, kan geleer word by Noag.

1. Moenie die boot verpas nie.
2. Onthou ons is almal in dieselfde bootjie.
3. Beplan – dit het nie gereën terwyl die ark gebou was nie.
4. Bly fiks. Op 70 kan iemand jou vra om iets veeleisend en massief te doen.
5. Moenie na klakouse luister nie, gaan aan met wat nodig is om gedoen te word.
6. Bou jou toekoms op hoë grond.
7. Vir veiligheid en oorlewing, reis altyd in pare.
8. Spoed is nie alles nie, die slakke en die cheetahs was almal betyds aan boord.
9. As die spanning te veel raak, dryf eers so 'n rukkíe.
10. Onthou die ark is deur amateurs gebou, die Titanic deur deskundiges.
11. Sakíe makíe van die donderwolke nie, daar wag altyd 'n reënboog.

Hoe werk dit?

Jou skoengrootte verklap jou ouderdom.

Maak hierdie sommetjie:

1. **Begin met jou skoengrootte.**
2. **Vermenigvuldig met 5.**
3. **Tel 50 by.**
4. **Vermenigvuldig met 20.**
5. **Tel 1012 by.**
6. **Trek jou geboortejaar af.**
7. **Die eerste syfer is jou skoengrootte, en die ander twee syfers is jou ouderdom.**

LAAT WEET AS DIT NIE SO IS NIE.

Boer se skenking

Die boer was bekend daarvoor dat hy nooit iets vir die kerk wou gee nie, want volgens hom word dit verkwansel op sendingwerk in Donker Afrika?

Een oggend bel hy die predikant.

"Dominee, ek het besluit om drie beeste en tien skape te skenk." Die dominee raak skoon lighoofdig van skok, en sê:

"Dis wonderlik broer, wanneer kan ons dit kry?"

"Nee, dominee sien, hulle het dit laasnag klaar kom haal, die kerk moet dit net deur die boeke sit." (Van Corrie Greyvenstein)

BRILMAKER SE ADVIES

Die brilmaker se seun, pas afgestudeer, sluit hom by sy pa se onderneming aan.

"Ou seun, luister nou mooi. Nadat jy die bril gepas het en die kliënt vra die prys, dan sê jy: 'Dit kos R500.'

"Dan wag jy en kyk of hy bietjie terugdeins vir die prys. As dit nie lyk of hy geskrik het nie, dan sê jy: 'Vir die raam. Die lense is nog R500'. Dan wag jy nog so 'n rukkíe, kyk of hy nog nie geskrik het nie, en sê dan ferm 'ELK.' "

(Van Suna Stirk in Nieu-Seeland)

Hoekom vroue altyd die ruskamer in pare besoek



Wanneer jy 'n openbare badkamer besoek, vind jy gewoonlik 'n ry wagtende vroue, so jy glimlag vriendelik en neem jou plek in die ry in. Sodra dit jou beurt word, kyk jy of daar voete onder die deurtjies uitsteek. Elke toilet is beset.

Uiteindelik gaan 'n deur oop, en jy storm in en stamp die vrou wat uitgaan amper onderstebo. Jy maak die deur toe, en vind dat die knip nie werk nie. Dit maak nou nie meer saak nie - jy het al so lank gewag dat jy op die punt is om jousef nat te maak.

Die houer vir die moderne "sitplekbedekkers" (sonder twyfel 'n uitvindsel van iemand se ma) is nuttig, maar leeg. Jy wil jou handsak aan die deur se haak hang - as daar een was. Jy hang dit dus maar versigtig om jou nek (Ma sal iets oorkom as jy dit op die VLOER neersit!) Jy ruk jou broekie af en neem die "houding" in.

In hierdie posisie begin jou tonuslose (ek moes meer gim toe gegaan het!) dyspiere protesteer. Jy wil graag sit, maar jy het nie die sitplek gegee of toiletpapier daarop neergesit nie, so jy volstaan met die "houding."

Om van jou bewende dye te vergeet, ontdek jy die toiletpapierhouer is leeg. Jy hoor jou ma sê: "Liefie, as jy die moeite gedoen het om die sitplek af te vee, sou jy geweet het daar is nie toiletpapier nie." Jou dye begin vibreer.

Jy onthou die klein snesie waarmee jy jou neus gister geblaas het - die een wat nog in jou handsak is. Dis nou die handsak wat om jou nek is, wat jy nou moet bykom sonder om jousef te verwurg. Jy vou die snesie op sy grootste oop. Hy is so groot soos jou duim se nael.

Iemand maak die deur oop omdat die knip nie werk nie. Die deur tref jou handsak, wat om jou nek op jou bors hang, en jy en jou handsak steier teen die toilet se tenk.

"BESET!" skree jy, terwyl jy afbuk om jou kleinste van opgefrommelde snesies uit 'n poeletjie op die vloer te haal. In die proses verloor jy jou balans heeltemal, en gaan sit direk op die toiletbak.

Natuurlik is dit nat.

Jy spring op, wel wetende dat dit te laat is. Jou kaal stêre het kontak gemaak met elke denkbare kiem op die onbedekte sitplek omdat jy dit nie met papier bedek het nie. Nie dat daar papier was nie, al het jy jou tyd geneem om te soek. Jy weet jou ma sal uiters ontsteld wees as sy dit weet, want "jy weet nie watter siektes jy almal kan optel nie."

Teen hierdie tyd is die outomatiese sensor agter die toilet so deurmekaar dat dit sommer spoel. Dit spuit 'n stroom water soos 'n brandslang teen die bak se binnekant en sprei 'n fyn mis wat jou hele stert benat, en teen jou bene af tot binne-in jou skoene loop.

Die spoel suig op een of ander manier alles met hom saam, met so 'n fors dat jy die leë papierhouer vasgryp uit vrees dat jy saamgetrek gaan word. Dis wanneer jy opgee. Jy is nat, en heeltemal uitgeput. Jy probeer afdroog met 'n lekkergoed-papiertjie wat jy in 'n roksak gekry het, en probeer onopsigtelik na die wasbakke stap.

Jy weet nie hoe om die krane met die outomatiese sensors oop te maak nie, so jy vryf jou hande, spoeg op hulle en gryp 'n afdroogpapier terwyl jy verby die tou wagtende vroue stap.

Jy kan nie meer beleefd vir hulle glimlag nie. 'n Gawe siel wys na 'n stuk toiletpapier wat by jou skoen uitsteek. (Waar was dit toe ek dit NODIG gehad het?!) Jy gryp die stuk papier, druk dit in die vrou se hand en sê: "Hier, jy mag dit dalk nodig kry."

Soos jy uitstap, sien jy jou man, wat lankal sy ding in die mans se ruskamer gedoen het.

Hy vra vererg: "Wat het so lank geneem? En hoekom hang jou handsak om jou nek?"

Hierdie skrywe is opgedra aan vroue oraloor wat openbare ruskamers moet trotseer (RUS? Jy maak seker 'n grap!)

Dis ook die antwoord op die algemene vraag hoekom vroue die ruskamers in pare besoek. Dis sodat die ander een die deur kan toe hou, jou handsak kan vashou en vir jou Kleenex onderdeur die deur kan aangee.

Stuur dit aan vir jou vriendinne, sodat hulle kan verstaan wat binding beteken.

Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

GEBRAAIDE UIERINGE

4 – 6 groot uie in dikkerige ringe gesny

250 ml bruismeel

5 ml sout

250 ml koue water

Koekmeelblom

Kookolie vir diepbraai

Geur met fondor of aromat na smaak

Bedek uieringe met yswater en plaas in yskas. Meng die meel en sout en klits die water geleidelik by tot 'n gladde deeg.

Dreineer uie en druk tot amper droog. Plaas 'n paar ringe per keer in 'n plastieksakkie met koekmeel en skud dit daarin om die ringe heeltemal te bedek. Doop die ringe nou in die beslag en bak in diep olie tot goudbruin, krakerig en gaar. Dreineer op handoek-papier en geur na smaak.

GEELWORTEL LEKKERS

3 ½ k suiker

2 k gerasperde wortels

1 k water

1 ½ k klapper

1 e botter

1 t fyn gemmer

Kook die suiker, wortels, water, en gemmer saam tot hardebol stadium. Toets dit in glas met yskoue water, wanneer dit van die houtlepel in vlokkes afval is dit reg. Verwyder van stoof.

Roer nou die klapper by en roer tot amper koud.

Roer die botter deur en gooi uit in plat gesmeerde pan. Sny in blokkies wanneer koud.

STAMBOOM

BOTHA theunsbotha1@gmail.com

Pa en oupa beide Percy Zeiler Botha, gebore 1934 en 1901. Oupa grootjie Percy McCuan/McKeown Botha (spelling van tweede naam onbekend). Oupa se plaas in Queenstown distrik. Grofskut-winkel gehad. Het ysterbande op ossewaens gepas sowel as yster perdehoewe. Broer Norman. (Dink daar was ook 'n suster Caroline).

COETSEE siashelleen2@telkomsa.net

My naam is Jonannes Coetsee. My vader Jacobus Osterwald (Koo) Coesee Gebore 4 Oktober 1917 te Dealsville. Moeder Jacobus Frederik (Kosie) Coetsee, gebore Doman 29 September 1921 te Bucklance. Oupa Johannes Coesee. Geboortedatum onbekend, ouma Cahatharina Fredrika Coetsee, gebore Van Niekerk, was getroud met Pieter Willem Nel toe met Hendrik Venter. Begrawe Schweizer-Reneke.

GERSTNER shanal@webmail.co.za

Philippi Gerstners.

KOEN lee@orcon.net.nz

Ek werk aan die Koen-stamboom vir GISA. Indien enigeen hul inligting wil stuur sal hulle die voltooid boom kry sodra ek klaar is. Ek verwag om vroeg in 2013 klaar te maak en dan sal ek nie verdere inligting verskaf of nog insit nie.

PAINTER pinkiepainter@gmail.com

Ons voorsaat - Samuel Richard Painter het met een van 1820 Setlaar-skepe (Aurora) van London in Algoabaai geland. Daar is reeds 'n boek deur Margie Muller geskryf maar sal graag meer info wil bekom.

STEVENS newcastlecarpet@intekom.co.za

Ek soek na my suster Priscilla Amanda Stevens, gebore 1952/1953.

VAN JAARVELD cobusvj@mweb.co.za

VAN NIEKERK hilmadelange@webmail.co.za

Soek inligting oor stamboom of voorouers/familie van my vader Cornelius Frederik Zietsman Van Niekerk (Koedoe) Geb. 10-04-1904 my Ouma Cornelia Fredrika (nee Coetzee) geb.15 of 16-11-1873 My Oupa, (wie ek vermoed se name was) Alexander Micheal Van Niekerk. Hulle het geboer in Elandsrivier, distr. Uitenhage plaas se naam Orange Grove.

AGTEROS

Net voor uitspantyd

RONDONDOM

LELIK

"Gelukkig soengroet ek en my Pa nog en is ek darem gewoonnd daaraan om iemand met 'n senior snor te soen."

Deur SCHALK VERMEULEN

Dit is maar eenmaal jag se manier om jou elke jaar 'n klomp nuwe plekke te wys en nuwe mense te laat ontmoet. Mense wat later ou vriende raak. Mense na wie jy elke jaar teruggaan. Mense uit verskillende streke met verskillende kulture, gewoontes, motiewe en motiverings, maar mense waarmee jy lekker regkom.

Mense wat dieselfde taal as jy praat, maar wat dikwels dieselfde ding op 'n anderse manier sê. Dit is mos nie maklik om iets presies raak te vat met 'n eenwoord-beskrywing nie en juis daarom val dit my altyd op as iemand dit met onskuldige presisie regkry.

So loop jag ons in die Kalahari in die winter van 1995. Diep Kalahari. Upington verby. Ons jag by mense wat ek vir die doel van hierdie storie die Besters sal noem. Ons jagleier was Oom Nic. Oom Nic het ek leer ken omdat ek sy diaken was.

Elke maand moes ek daar by hom kollekteer. Dan het hy na sy trofees sit en staar en met ongelooflike detail en passie vertel van hoe hy aan elkeen gekom het en dat hy toe al vir sestien jaar, elke winter op die spesifieke plaas gaan jag. Hy praat my so lus oor die besondere plek dat ek later net moet saam. Die aande wat ek eers na twaalf van die "kollekteer" af, kon huiskry het vrou gewee ek en Oom Nic was eers weer bietjie Kalahari toe. Dit is dan op Oom Nic se sewentiende jag, dat ek ook saam is.

Kort voor ons op die plaas aankom, stop Oom Nic die hele konvooi vir 'n paar laaste, volgens hom, uiters belangrike instruksies. "Kyk manne," beduie Oom Nic, "op die plaas waar ons nou eers gaan aanry vir die nodige, sleutels en dinge, bly die Besters se ouers. Dierbare mense, maar Tannie Bester is baie selfbewus oor haar voorkoms, want sy is waaragtig geweldig lelik. Om die waarheid te sê, sy is rondom-lelik. So asseblief manne moet haar nie aanstaar nie. Sy sal jou somer maklik op jou moer speel." Net so sê Oom Nic.

Oom Nic, toe al 'n man van in die sestig, is egter van die soort wat geen kans sal laat verbygaan om jou heen te trek of om iemand 'n poets te bak nie. So ons weet toe nie lekker of hierdie weer een van sy manewales is en of ons, ons nou regtig hieraan moet steur nie.

Op die plaas aangekom, stop ons voor die opstal en vir veiligheid stop ek heel agter. Vlug het mos net waarde as jy vinniger as die stadigste een bly. Die Oom kom uit. Ek kan sien hy is nie vandag se kind nie, maar merk dadelik op dat hy 'n sterke derduiwel op sy dag moes gewees het.

Hy is 'n lang man. Kierts regop met yskoue staalblou oë. Die soort oë wat dwarsdeur mens kyk, maar 'n baie gawe man. Selfs op daardie rype ouderdom kan hy somer nog heel dag die Kalahari se los sand te voet aanpak om ietsie vir die pot te skiet.

Hy beduie dat Tannie Bester net op die telefoon besig is en dat sy nou by ons sal wees, met alles wat ons moes saamvat. Die seun sou later die dag vanuit Askham op die jagplaas by ons aansluit. So bou daar toe so 'n halwe afgwagende ongemaklike spanninkie op.

Om die situasie te red, staan en praat ons oor die reën en die toestand van die veld en die kondisie van die wild en toe gebeur dit. Tannie Bester kom bakbeen en bakarm by daardie agterdeur uit en sy is duidelik kwaad.

Net omtrent twee bakstene hoog, maar sy is bitter kwaad. Boos vir die "f..kk..n mense" wat so "f..kk..n inluister" op die "f..kk..n plaaslyn" dat sy nie 'n "f..kk..n woord" kan hoor nie. Sy kom met haar langste tree aan (wat maar kort is) en ons deins soos een man terug. Dit was moeilik, want jy probeer uit iemand se pad kom na wie jy nie mag kyk nie.

Die situasie wat hom toe afspeel is iets om te beleef. Tannie Bester steek 'n lang hand uit om blad te steek, maar nie een van ons wil eerste wees nie. Sy help ons uit en pak sommer die naaste een van ons en skud omtrent jagmaat se skouer uit potjie.

Ek is, soos 'n bang mens nou maar gewoonlik is, laaste in die ry. Die manne groet maar niemand kyk vir haar nie. Een kyk op die grond en my ou jagmaat groet so omkyk-omkyk soos hy hulp soek, maar ons weet nie eers hoe om onself te help nie. Porra, die volgende in die ry, kyk die bloue hemel in soos 'n meerkat wat 'n aanval verwag.

Is toe dat ek onbedaarlik aan die giggel gaan oor wat hier aan die gang is, maar dit nie 'n geniet-giggel nie. Dis van daardie senuweeagtige benoude giggels. Hier staan ons, hardebaard jagters en een klein bakbeen tannietjie het ons in vrees en bewing.

Ek besef dat ek nou geen oogkontak met enige iemand van die span moet maak nie want dan sal ek in duie stort. Ook geen oogkontak met Tannie Bester nie, want ek verstaan nou Oom Nic se waarskuwing.

Een ding is egter in my guns. Ek is ten miste 'n voet langer as sy en kan los oor haar kyk sonder om ooglopend nie na haar te kyk nie. Maar toe gebeur die totaal onverwagte. Al my gegiggel maak Tannie Bester dink ek is 'n "vreeslike vriendelike seun."

Met een hand agter die kop knak sy my vooroor, tot op haar hoogte en gee my haar beste soen, met 'n gepaardgaande omhelsing wat by 'n bruinbeer pas. Dit was gou verby, maar dit was hel. Gelukkig soengroet ek en my Pa nog en is ek darem gewoon daaraan om iemand met 'n senior snor te soen. Ek giggel toe nie meer nie, maar die res van die span kruip op die grond rond of skuil agter die voertuie, want onder leiding van Oom Nic is hulle in totale wanorde.

Genadiglik lui die foon weer en Tannie Bester vlieg met 'n spoed weg om dit te loop antwoord. Vir die eerste keer kan ek haar nou bietjie "bekyk" en ek sien Oom Nic het haar voorkoms presies raakgesê. Sy het nie een mooi kant nie. Nie eens van agter nie Sy is waargtig rondom-lelik. Tot plooi op die kuite, en dink by myself terwyl ek my mond vir die derde keer met my sakdoek afvee, dat as iemand haar net sou stryk, sou sy maklik so lank soos haar man kon wees, maar vogrampies het nog nie hier uitgekome nie.

Oom Nic gee ons toe die sleutels en beduie ons om maar solank aan te gaan terwyl hy vir die res van die goed wag. Toe hy later by ons aansluit is dit my beurt om die oomblik te geniet, maar ek moet bysê, dis wat Oom Nic sê, en daarby 'n baie geringe kompensasie vir wat ek moes verduur.

Hy vertel dat Tannie Bester wou weet of hy ons span manne goed ken want: "Behalwe vir daardie vreeslik vriendelike seun lyk die ander na 'n blierie lot skelms wat mens nie in die oë kan kyk nie."

KAMMANUUS
verskyn weer op 19 November